# Leef saam
## HUISGELOOF

# Week 1

## WELKOM

- Vertel vir mekaar wat die beste geskenk is wat julle al ooit gekry het. Hoekom is dit julle gunsteling geskenke?

## WONDER

Lees Lukas 1:26-38 saam.
Gesels saam:

- Hoe dink julle het Maria gevoel toe sy die nuus kry dat sy swanger is?
- Hoekom dink julle het Jesus 'n mens vir ons geword?
- Wat beteken dit wanneer ons sê Jesus is die heel beste geskenk wat ons ooit kan ontvang?

## WEES

Julle as familie kan kyk na al die geskenke wat julle die laaste paar jaar gekry het. Kies 'n paar geskenke wat julle nie meer gebruik nie. Maak dit mooi skoon en sit dit in 'n boks om Sondag by die kerk te skenk.

Leef saam
HUISGELOOF

# Week 1

## WEGSTUUR

*Dink weer aan jou gunstelinggeskenk. Hoe sal jy daaroor voel om dit weg te gee?*

*Wanneer ons geskenke weggee, verstaan ons iets van wat Jesus vir ons gedoen het. Dit is nie altyd so maklik of so lekker om van ons goed weg te gee nie. Jesus het Homself vir ons weggegee. Hoe kan ons hierdie week deur alles wat ons doen vir mekaar 'n "geskenk" wees.*

*Sluit af met gebed*

.